

Die Sibona Ilanga-trust, wat 'n **8% aandeel in De Aar Solar Krag** besit, is gestig met die doel om openbare voordeel-aktiwiteite in die plaaslike gemeenskap uit te voer binne 'n 50 km-radius van die kragstasie.

Die Trust poog om sy beheerstruktuur te vestig deur **TWEE Begunstigde Trustees aan te stel**. Benoemings word versoek van alle sektore van die gemeenskap.

UITNODIGING VIR BENOEMINGS

Die Sibona Ilanga-gemeenskapstrust versoek benoemings van **TWEE geskikte kandidate van die Pixley ka Seme-distrikgemeenskap** om as trustees vir 'n 3 jaar-ampstermyn aangestel te word.

- Kandidate moet deur 'n lid van 'n begunstigde gemeenskap benoem word en die benoeming moet deur ten minste twintig ander begunstigde gemeenskapslede ondersteun word.
- Die benoeming moet 'n motiveringsbrief bevat saam met die curriculum vitae van die benoemde kandidaat, sowel as die name, kontakbesonderhede en handtekening van ten minste twintig begunstigde gemeenskapslede wat die benoeming van die kandidaat ondersteun.
- Benoemings moet ge-e-pos word aan: **marion.greenthompson@globeleq.co.za** met **TRUSTEE BENOEM VIR DIE SIBONA ILLANGA-GEMEENSAPSTRUST** in die onderwerplyn.
- Die motiveringsbrief moet 'n bevestiging insluit dat die kandidaat die benoeming aanvaar het.
- Kandidate mag nie hulself benoem nie.

Kriteria

Om botsing van belange in die besluitnemingsproses van die Trust uit te skakel, moet benoemde kandidate geen onmiddellike assosiasie hê met 'n individu of organisasie wat direk uit die Trust voordeel sal trek deur aansoek te doen om ondersteuning by die Trust nie.

Kandidate moet oor die volgende beskik:

- 'n Goeie reputasie in hul professionele velde en in die gemeenskap;
- 'n Breë perspektief van die ontwikkelingsnoodsaaklikhede van die Pixley ka Seme-distrik gemeenskap en moet nie slegs die belange van een deel van die gemeenskap of die belange van een ontwikkelingssektor verteenwoordig nie;
- Sterk netwerke in die verskeie sektore van die gemeenskap;
- 'n Bewese prestasiekord van leierskap in die gemeenskap;
- In staat wees om 'n aansienlike hoeveelheid tyd aan die beheer van die Trust op vrywillige basis toe te staan;
- Woonagtig wees in die Pixley ka Seme-distrikarea; en
- Die moontlikheid bied, deur hul betrokkenheid as trustees, om die doeltreffende, effektiewe, deursigtige en geloofwaardige werking van die Trust te verseker.
- Swart vrouekandidate word spesifiek aangemoedig

Genomineerde kandidate mag nie:

- Geaffilieer wees met / verteenwoordigend van / 'n beampte van 'n politieke party of 'n werknemer van 'n plaaslike munisipaliteit wees nie.
- 'n Kriminele rekord hê of gelikwider of gesekwistreeer is binne die laaste 10 jaar nie.

Die vaardighede en karakter van die Raad van Trustees

Tydens die finale besluitneming oor die kandidate wat as begunstigde trustees aangestel moet word, sal die Trust verseker dat die raad van trustees oor 'n goeie mengsel van finansiële, regs, strategiese en gemeenskapontwikkelingsvaardighede beskik en die diversiteit van belange in die gemeenskap breedvoerig reflekteer.

Sluitingsdatum en Onderhoude

Benoemings sal tot op 13 MAART 2015 aanvaar word en nie daarna nie. Benoemde kandidate moet vir onderhoude beskikbaar wees, wat tydens die eerste en tweede week van April 2015 sal plaasvind. Die keuse van trustees wat aangestel word sal finaal wees en geen korrespondensie sal gevoer word nie.